DEEL 115 | WEEK 30 | 28 JULIE 2023 | R5

HEILBRON HERALD



# VELE HANDE MAAK LIGTE WERK

*Bronnies Dagsorg kleuters help slaggate vul tydens konstruksieweek*




# Voormalige Heilbronner bereik hoogtes



Voormalige inwoner van Heilbron, Herman Janse van Rensburg, is onlangs as die nuwe Algemene Bestuurder van die bekende melkprodusent, Lactalis Suid-Afrika (SA), aangekondig. Jansen van Rensburg het in Heilbron in 1988 aan Hoërskool Willem Pretorius gematrikuleer, waar hy ook sy laaste jaar as die skool se onderhoofseun gedien het. Herman se ouers was welbekende inwoners in Heilbron, Johan Jansen van Rensburg, wat by die poskantoor in diens was, en sy vrou Sophie. Herman het sy passie vir finansies nagejaag en na skool sy artikels by Berg en Vennote gedoen, terwyl hy deeltyds B.Com Rek aan die universiteit van Vaal Pukke voltooi het.

Later het hy 'n pos by Clover Heilbron aanvaar en na 'n paar jaar wat Herman by Clover in diens was, het hy besluit om 'n verandering te maak. Hy het by Parmalat aangesluit en as kontrakteur vir die instansie begin werk.

Daarna met 'n loopbaan van 12 jaar by Lactalis SA, het Janse van Rensburg oor die jare heen 'n waardevolle bydrae tot die maatskappy gelewer. Hy het in verskeie uitvoerende poste gewerk, insluitend bestuurbeheer, kommersieel, en bemarking. Sy toewyding en harde werk het hom die respek van sy kollegas en medebestuurders verower.

Voor hierdie nuwe aanstelling as Algemene Bestuurder, het Janse van Rensburg as Hoof Operasionele Beampte vir Lactalis SA gedien. Sy kundigheid en insig in die maatskappy se werking het hom 'n waardevolle bate gemaak en het die pad gebaan vir sy uiteindelike bevordering tot die hoogste posisie in die organisasie.

Met sy indiensneming op 18 Julie 2023, tree Janse van Rensburg in die voetspore van Alban Damour, wat vir twee jaar as Algemene Bestuurder van Lactalis aangestel was. Die oorgang van een bekwame bestuurder na 'n ander dui op die maatskappy se voortdurende fokus op uitmuntendheid en leierskap.

Die inwoners van Heilbron is trots op een van hul eie wat so 'n groot prestasie behaal het. Janse van Rensburg het bewys dat hardwerkendheid, deursettingsvermoë, en 'n passie vir sy werk hom tot groot hoogtes kan laat styg. Sy sukses is 'n inspirasie vir die jong mense van die dorp en bewys dat drome moontlik is as jy daaraan werk.






# Bednatmaak Blues

• *Heilbron Kliniek*

Dis genoeg om enige ouer se hart te breek: daardie betreurde gesiggie en hangskouertjies van 'n kind wat jou wakker maak met die nuus dat dit wéér gebeur het. Nóg 'n nag en nóg 'n nat bed; partykeer sommer meer as een glipsie in die loop van die nag. Min dinge knak jou gemoed soos 'n kind wat in graad 1 of selfs ouer is en nog bed natmaak. Jy voel skuldig. Jou kind voel skaam en dink dis haar skuld…En kort voor lank is dit 'n groot geheim waaroor niemand in die gesin mag praat nie. Enige ma met 'n klein "piepie-in-die-kooi" sal weet dat dit botsende emosies by 'n mens wakker maak. Ja, jy is heimlik ongeduldig en gefrustreerd oor die onrustige nagte en ekstra wasgoed, maar aan die anderkant wil jy jou kind styf vasdruk as jy sien hoe die nat bed haar vertroue knak. Sommige van ons kan ook uit ons eie kinderdae onthou hoe aaklig dit was om in so 'n ou nat bed wakker te word.

As jy dié artikel lees, is die kans goed dat jy ook jou bed natgemaak het, want by die oorgrote meerderheid kinders wat dit ná vyf jarige ouderdom nog doen, is dit oorerflik en het een of albei ouers ook daarmee gesukkel. Die eerste ding wat jy moet weet, is dat jy en jou kind nie alleen is nie.


South African Police Service

Heilbron Police requires public assistance in finding #escapee Molebatsi Piet Motaung (25).

He was allegedly booked out for investigation at his house and upon their arrival at suspect's home in Airport section, Phiritona Heilbron, the suspect escaped.

Anyone who may know where Molebatsi Piet Motaung may be, is requested to contact D/WO Hendrickse on 079 876 9201 or Crime Stop on 08600 10111 or leave an anonymous tip on the MySAPSApp. https://www.saps.gov.za/newsroom/msspeechdetail.php?nid=47371



Bednatmaak is baie meer algemeen as wat ouers of kinders glo. Een uit elke vyf vyfjariges en ten minste een uit 20 tienjariges sukkel nog snags met nat beddens. Die geleerde term daarvoor is enurese en dit word gedefinieer as die onwillekeurige leegmaak van die blaas by kinders van vyf jaar of ouer. Gewoonlik word die toestand eers tussen vyf en agt jaar oud formeel behandel, maar gelukkig is daar heelwat wat gedoen kan word om jou klein "piepie-in-die-kooi" te help.

**HOE ALGEMEEN IS DIT?**

Enurese raak…

• 15% van alle 5-jariges
• 7% van alle 8-jariges
• 5% van alle 10-jariges
• 2% van alle 15-jariges

Dit is 50% meer algemeen by seuns as by dogters.

**WAAROM GEBEUR DIT?**

• **Geneties:** Tot 70% van kinders wat bed natmaak, se ouers het dit ook gedoen.

• **Kafeïen**: Kos en drank wat kafeïen bevat (soos tee, koffie, kola en sjokolade) vererger die probleem.

• **Hardlywigheid:** 'n Derde van kinders wat met chroniese hardlywigheid sukkel, maak ook hul bed nat.

• **Blaasinfeksie**: Soms lei blaasinfeksie tot enurese snags of bedags.

• **Slaap apnee:** Slaap apnee, weens 'n blokkasies in die boonste lugpyp, is 'n baie seldsame oorsaak van enurese.

• **Aandag gebrek:** Enurese is twee keer meer algemeen by kinders met aandag gebrek en hiperaktiwiteit.

• **Stres:** Die geboorte van 'n jonger boetie of sussie, hospitaal verblyf, onmin in die gesin, 'n nuwe skool, boelies by die skool, die trek na 'n nuwe huis of (baie selde) seksuele misbruik kan enurese veroorsaak by kinders wat voorheen droog was.

**HOE JY KAN HELP?**

Janneke Vermaak, 'n opvoedkundige sielkundige van Somerset-Wes, sê jy moenie te vinnig aanneem die probleem het 'n sielkundige oorsaak nie. Dit kan 'n fisiologiese probleem wees, of iets met 'n eenvoudige, praktiese oplossing.

• Maak byvoorbeeld altyd seker dat jou kind met 'n leë blaas gaan slaap.

• Vermy kos of drinkgoed wat kafeïen bevat (soos tee, koffie, kola of sjokolade) kort voor slaaptyd.

• Probeer jou kind se vloeistofinname vanaf 'n uur voor bedtyd beperk, maar onthou dat dit slegs sal werk as sy die res van die dag genoeg water of ander vloeistowwe gedrink het.

• Laastens moet jy jouself afvra of dit snags vir jou kind maklik is om by die toilet uit te kom - die oplossings is dalk meer voor die hand liggend as wat jy dink:

• Los byvoorbeeld 'n nagliggie aan op die pad na die badkamer.

• Sit 'n kindersitplek op die toiletbak.

• Los die kinderkamer se deur oop.

• As jou kind op die boonste stapelbed slaap, is dit dalk nodig om 'n ander plan te maak.

• Kinders wat oud genoeg is, kan help om die bed skoon oor te trek en aangemoedig word om self droë nagklere aan te trek, maar dit mag nie as 'n straf gesien word nie.

Die goue reël is om nooit te raas oor 'n nat bed nie. Wees geduldig (baie kinders ontgroei die probleem vanself) en sensitief (nat beddens knaag aan 'n kind se selfbeeld).

**NOG PRAKTIESE WENKE**

• Gebruik waterdigte oortreksels vir die matras en duvet, en absorberende lakens.

• Spons jou kind goed af ná 'n glipsie; haar hare ook as sy baie nat is.

• Gebruik Vaselien om haar vel te beskerm.

• Spoel lakens en linne in koue water of 'n sagte bleikmiddel.

• Gebruik reukweerders vir die kamer.

• Dit help soms as jy jou kind toilet toe neem voor jy self gaan slaap. Dit is 'n goeie tydelike maatreël wat haar selfvertroue 'n hupstoot sal gee.

• Met jong kinders behaal baie ouers uitstekende resultate met 'n beloningstelsel vir nagte sonder 'n glipsie. As jy op dié roete besluit, moet jy die doelwitte duidelik stel en jou kind onmiddellik en konsekwent beloon vir 'n droë bed in die oggend. 'n Nat bed moet saaklik hanteer word. Moenie daaroor raas nie, maar moet beslis geen beloning of selfs 'n "troosprys" gee nie.

***Bron: https://www.netwerk24.com/baba-en-kleuter/Kleuter/Bednatmaak-blues-20150902***

# UIT DIE PEN: *Week 30 van 2023*



'n Vriendin van my het by 'n vooraanstaande meisieskool in die Wes-Kaap, ook bekend as Utopia, skoolgehou. Die skoolhoof was blykbaar 'n baie streng tannie. Sy kon 'n nuwe onderwyser met 'n houtoog uitkyk: sy kon vooraf 'n kans waag om te sê of die nuwe juffrou of meneer die pyp sal rook, al dan nie.

Sy kon iemand op-en-af kyk. Indien iemand dit nie gaan maak nie, het sy die person 'n "byvoorbaat knakkertjie" genoem. Iemand wat nie die ekstra myl gaan loop nie, of wat nie die werk sal kan baasraak nie, of iemand wat net eendag gaan sê: hierdie is nie my werk nie.

Wat my laat dink het: Hoeveel werknemers is steeds bereid om effense ongemak te verduur?

Tans werk ek in 'n kantoorgebou wat veranderinge ondergaan. Die gebou word gebreek, daar word met lugdrukbore geboor, en dit voel kompleet of ek elke dag 'n wortelkanaal kry. Aangesien my kantoor die naaste aan die afgebreekte gedeelte is, het ek elke dag deurgeloop: stof, lawaai, nog stof en nog lawaai.

Ons het almal die opsie gehad om van die huis af te werk. Daardie les het ek al met COVID geleer. Om van die huis af te werk, is nie sports nie.

Ons het gesien hoe jy elke aand tot wie-weet-watter-tyd gewerk het, want jy is mos nou naby jou rekenaar, en jy is mos nou nie by die werk nie, daarom kan jy teen somsopkoms begin en tot laat nà die volgende sonsopkoms werk. Tussen-in kan jy'n bondel wasgoed in die masjien gooi, of gou die kombuis gaan uitvee. Kosmaak tussendeur of die skottelgoed was.

Want jy is mos nou by die huis.

Jy hoef nie vroeg op te staan, netjiese klere en grimering aan te sit nie, jou hare kan maar in alle rigtings staan, want niemand sien jou nie.

Ek trap nie weer in daardie strik nie. Dalk, as ons 'n kantoor by die huis gehad het. Maar andersins, nee.

By ons kan jy maklik van die huis af werk, sou jy wou, want ons werk met 'n VOIP stelsel wat deur 'n toepassing op jou selfoon oproepe daarnatoe kan herlei. Die ontvangsdames ontvang die oproepe tuis en skakel kliënte deur soos nodig.

Dit kan natuurlik net gebeur indien jy onbeperkte internettoegang by die huis het. Met die internet het die wêreld mos piepklein geword.

Jy kan, tegnies gesproke, by die kassier staan met 'n waentjie vol inkopies en dan 'n telefoonoproep vanaf 'n kliënt tydens werksure beantwoord. Dit is ook moontlik dat jy vergaderings vanuit jou motor kan hou.

Ons trek binnekort na 'n ander perseel waar ons gaan bly totdat die aanbouings in hierdie gebou klaar is. Ek en my administratiewe assistent het besluit dat ons by die kantoor gaan bly totdat ons trek. Wat sal gebeur indien hier instapkliënte inkom en hier niemand is om hulle te help nie?

Ons besluit het ons natuurlik gepas, want ons was ook betrokke met die reëlings van ons trek. Ons kon gerieflik met ons diensverskaffers vergadering hou en telefoonoproepe maak terwyl elkeen gerieflik by sy lessenaar sit.

Sonder beurtkrag, want hier is 'n mamba-kragopwekker. Ander kollegas kan dalk die verskoning gebruik dat hulle selfoontoepassing nie tydens beurtkrag werk nie.

Ons het geen verskonings gehad nie. Elke dag gedress en gereed vir werk.

Iemand, kom ons noem haar Petra, het my duidelik laat verstaan dat ons die opsie het om van die huis af te werk, maar dat dit nie verpligtend is nie. Sy was ook dan die eerste werknemer wat haar klere en gewere gepak het om van die huis af te werk die oomblik toe dit aangekondig is.

Byvoorbaat-knakkertjie.

Verlede week kom draai sy by die kantoor en vra hoe op aarde ek en my assistent al die stof en geraas oorleef het? "En ek is so gereed om na ons nuwe kantore te trek."

"Maar hoe," vra ek, "kan jy so gereed wees as jy nog net een keer hierdie maand by die kantoor was?"

Ek kon nie die verbasing uit my stem kry nie. Vra jouself af: hoe ver gaan jy in die lewe kom indien jy nie effense ongemak kan verduur nie?

Dit is 'n vaardigheid wat jy moet aanleer. Anders is jy 'n byvoorbaat knakkertjie.

Sal jy in effense stof en geraas wil werk? Nee, niemand sal dit wil doen nie, maar niemand sal doodgaan daarvan nie.

Ons lewens gaan nie heeltyd gerieflik wees nie. Soms moet jy maar met beurtkrag saamleef en jou eie planne maak. Soms breek jou yskas en jy is vir drie dae daarsonder. Ongerieflik maar oorleefbaar.

Dalk breek jou kar en jy moet vir vier dae daarsonder terwyl dit herstel word. Miskien moet jy dan Uber, met die bus of saam met jou buurman ry. Dalk verloor jy jou selfoon (o, gonna, net nie dit nie!) en jy moet wag tot jou nuwe foon opdaag en die mens by die selfoonwinkel al jou inligting weer op die nuwe foon gelaai het. Ongerieflik maar oorleefbaar.

Hoeveel tydelike ongerief sal jy kan verduur? Dit help nie dat ek jou vertel van ons voorsate nie, dat hulle oor berge en in dale was met 'n ossewa wat nie 'n kragstuur of GPS gehad het nie, jy weet dit.

Ek ken heelwat byvoorbaat-knakkertjies, en wanneer ek so na hulle kyk, weet ek dat hulle dit nie lank in hulle huidige pos sal maak nie.

Hierdie week se les is om nie 'n byvoorbaat-knakkertjie te wees nie.

Ek is nie trots daarop dat ons in stof en geraas gewerk het nie. Allermins. Ek is wel trots daarop dat ek kan aanhou en uithou totdat dit verby is.

Is jy?


SEDGARS
For All Your
SUITS & EVENING DRESS REQUIREMENTS
WE HAVE THE WIDEST RANGE OF EVENING DRESSES & SUITS FOR YOUR MATRIC FAREWELL
VISIT US AT OUR NEW STORE
2 LEEUWENHOEK STREET | DUNCANVILLE
SEDGARS.COM | 016 422 3804
*PICTURES ARE USED FOR ILLUSTRATIVE PURPOSES ONLY*

# Bronnie Dagsorg Atletiekdag







## Vet pret vir groot en klein!

Saterdag het Bronnies Dagsorg se eerste atletiekdag plaasgevind. Dit was 'n opwindende dag wat nog lank onthou sal word vir al die pret, speletjies en kuier. Die oggend het afgeskop met 'n avontuurlike hindernisbaan vir groot en klein. Klein beentjies het onder baie aanmoediging gespring en gehardloop en sommige ouers het ook self die baan aangedurf.

Een van die hoogtepunte van die dag was die sakresies. Ouers het teen ouers meegeding, en kinders het met groot oë gekyk hoe hul mammas en pappas met die sakke spring. Die kleuters het ook 'n beurt gekry om te wys wie werklik die sakresies-kampioen is. Daar was gespring, gegons en selfs 'n paar onbeholpe landings, maar almal het dit geniet en aanmoedigings het deurentyd weerklink. Die kleuters het ook die kans gehad om te wys hoe vinnig hul swart skopfietsies kan ry. Kleuters het gejaag dat die stof trek terwyl die ouers hul kleingoed aangemoedig het. Elkeen het onder al die lof en aanprysing soos 'n wenner gevoel.

Die ware hoogtepunt van die dag was die groot toutrekkompetisie waar Bronnies teen hul ouers moes meeding. Die kleintjies het baie krag en deursettingsvermoë getoon en nie eens die groter ouers kon hul stuit nie, en natuurlik het hulle weggestap as die toutrek "champs". Dit was hartverblydend om te sien hoe die ouers met die kinders saamspeel.

Na die opwindende sport- en speletjiesaktiwiteite, was dit tyd vir 'n welverdiende kuier en 'n heerlike braai. Ouers het saamgekuier en gesels terwyl die kinders lekker speel en lag. Die geur van braaivleis het die lug gevul, en almal het saam gesmul aan 'n heerlike maaltyd.

Bronnies Dagsorg Atletiekdag was beslis onvergeetlik. 'n Gemeenskap wat saamkuier en speel, is 'n gelukkige gemeenskap. Bronnies Dagsorg hoop om hierdie genotvolle gebeurtenis 'n jaarlikse instelling te maak.








## Wiskunde en Fisiese Wetenskap Ekstraklasse

### TOPPRESTEERDERS - KWARTAAL 2

Suryn Claasen, bekende inwoner en Wiskunde en Fisiese Wetenskap onderwyseres, spog met haar slimkoppe wat die tweede kwartaal hul punte verbeter het tydens die moeilike eksamen.

SJ Naudé, Graad 9 leerling verbeter sy Wiskunde met 19%;
Hannah Spiller, graad 10 leerder verbeter in Wiskunde met 17%;
Zelmari Zitzke, graad 10% leerder verbeter in Fisiese wetenskap met 18%;
Tiané Steyn, Graad 11 leerder verbeter in Wiskunde met 11%;
Juan de Klerk, Graad 11 leerder verbeter in Fisiese Wetenskap met 10%;
asook, Jean-Pierre Prinsloo, Graad 12 leerder wat sy Fisiese wetenskappunt verbeter met 13%.
Suryn het ook twee leerders wat besonderlik presteer het tydens die tweede kwartaal se eksamen.
Johanri Pretorius, graad 10 leerder blink uit in Fisiese Wetenskap met 92%, terwyl Chené Pretorius graad 9 leerder 'n besonderse prestasie van 94% in Wiskunde behaal.

Indien enige persone ekstra klasse wil bespreek vir 2024 skakel Suryn Claasen op 083 2349882 om jou plek te verseker.



*Chené Pretorius — Jean-Pierre Prinsloo — Tiané Steyn — Juan de Klerk — Hannah Spiller — Zelmari Zitzke — Johanri Pretorius — SJ Naudé*

## Ontvang silwer sertifikaat



*Nukleus Privaat Onderwys Heilbron se student Mené de Wet het onlangs aan Nukleus Onderwys se gedig voordrag kompetisie deelgeneem. Mené het met 'n silwer sertifikaat weggestap vir Graad 6 waar sy 2de plek behaal het.*


**Hoërskool Heilbron**

FINEM RESPICE

**KLEREWINKEL:**
**GOEIE BESIGHEIDSGELEENTHEID**

Hiermee nooi Hoërskool Heilbron die gemeenskap uit om 'n voorlegging aan die Beheerliggaam te maak om die klerewinkel oor te neem. Noem in u voorlegging hoe u beplan om die voorraad oor te neem, beoogde winsgrens, kwaliteitsbeheer ens.

Sluitingsdatum 31 Augustus 2023 om 12:00

VIR ENIGE NAVRAE KONTAK:
Mev M van Zyl * 084 597 4661
Mnr D Knight * 082 378 2210
Mev L Snyman * 082 965 4964

BONUS HARDWARE
Wen die Water
AFRICA WATER TANKS BIOMEK DRUKPOMPE
2000L - R1999.90
2500L - R2499.90
5000L - R4999.90
0.37kW @ R1799.90
0.75kW @ R2200.00
058 853 0169 | 31 BREË STREET | HEILBRON

4 Course Free State inspired harvest table set menu
30 July, 27 August, 1 October, 29 October, 26 November
Serving starts from 11:30 | Limited seats available | R350 p/p
Please enquire for menu and availability
Email: tastingroom@devrydistillery.co.za or WhatsApp 072 606 3960
PASCH DU PLOOY

# INSPIRASIE RESEPTE

It's a fitting coincidence that Italy's flag is green, white and red. It might as well mean basil, mozzarella and tomato in my mind, instead of freedom, faith and purity. There is no better match than acidic tomato with creamy and stringy mozzarella and fresh basil. Here is my easy and healthy meatball recipe with an Italian flair. Enjoy!

**Tomato braised meatballs with mozzarella and fresh basil**

Preparation time - 60 minutes
Cooking time - 30 minutes
Serving – 4 people

**Ingredients for the Meatballs**
500g lean beef mince
100g smoked pork or minced bacon or pork sausage, skin removed
4 cloves garlic, grated
50g parmesan cheese, grated
¾ cup breadcrumbs
1 whole egg
1 packet basil pesto (2 tbs for recipe and rest for serving)
1 tsp salt
1 tsp ground black pepper
A good grating or a pinch of nutmeg
1 onion, finely chopped
2 tbs fresh or dried oregano
2 tins Italian tomato with mixed herbs
150 g mozzarella cheese, sliced
Fresh basil for serving
Olive oil for serving

**Method for the meatballs**


Preheat your oven to 200 degrees.

In a large mixing bowl, add the beef and bacon mince, a third of the garlic, parmesan cheese, breadcrumbs, whole egg, 2 tbs basil pesto, salt, pepper and nutmeg. Use your hand to mix well. Mix for 1 minute until well combined. Form the meat mixture into 6 cm balls and set aside. Heat some olive oil in an ovenproof skillet. Add your meatballs and fry for 5-6 minutes while turning. When they are brown, remove from the pan and set aside. Now add the remaining garlic and onions to the skillet and fry until golden and soft. After about 5 minutes, scrape the bottom to remove the burning bits. Now add the tinned tomatoes, oregano and season with salt and pepper. Cook your tomato sauce for 5 minutes and adjust the seasoning with salt and pepper. Place the tomato sauce, then the meatballs in an oven-proof dish and scatter the mozzarella cheese over the meatballs. Baked in the oven for 15-20 minutes until the meatballs are cooked and the cheese is bubbling.

**How to serve**

Serve hot from the oven with fresh basil and a drizzle of good olive oil and fresh garlic bread on the side. A bit of parmesan will round the dish off nicely.

**Chefs note:** This recipe works well with venison mince.



Pasch du Plooy

# Pensioenarisse moet nou optree!

"Pensioenarisse wat kwalifiseer vir kortings op erfbelasting vir die nuwe munisipale belastingjaar wat op 1 Julie 2023 begin het, moet onthou dat aansoeke vir die afslag gedoen moet word voor 31 Augustus 2023," herinner Vryheidsfront raadslid Phillip van der Merwe.

Om te kwalifiseer moet die applikant eienaar van die eiendom wees en dit self bewoon, ouer wees as 60 jaar of 'n ongeskiktheidspensioen ontvang en nie eienaar wees van meer as een eiendom nie.

Die inkomste van die huishouding (d.w.s. applikant en gade) moet minder beloop as R 9 120,00 per maand.

**Kortings word as volg bereken:**
- op inkomste van R0,00 tot R4 700,00 per maand: 100%
- op inkomste van R4 701,00 tot R5 400 per maand: 60%
- op inkomste van R5 401,00 tot R8 370,00 per maand: 30% en
- op inkomste van R8 371,00 tot R9 120,00 per maand15%.

Aansoekvorms vir die korting is by munisipale kantore beskikbaar en aansoeke kan vanaf 1 Julie 2023 ingedien word. "Pensioenarisse word versoek om vroegtydig hul aansoeke in duplikaat voor te berei sodat hulle 'n ontvangserkenning op die duplikaat kan laat aanbring wanneer die aansoek ingedien word," beveel raadslid Van der Merwe aan.

# Red meer as 150 lewens

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) wil graag die gemeenskap van Heilbron hartlik bedank vir die ondersteuning met die gemeenskap bloedskenk-veldtog wat Dinsdag, 25 Julie plaasgevind het. 54 eenhede bloed was ingesamel wat meer as 150 lewens kan red.

Baie dankie aan almal wat gereageer het op die kritieke bloedtekort beroep en wat lewens kom red het.

4 nuwe bloedskenkers het vir die eerste keer bloed geskenk. Omdat die skenker-paneel in Heilbron baie stadig groei met net 160 skenkers, wil SANBS graag die gemeenskap van Heilbron aanmoedig om bloedskenkers te word en die gereelde skenkers aanmoedig om 4 keer 'n jaar bloed te skenk. Daar is 'n groot behoefte aan bloed groep O omdat hierdie bloedgroep verenigbaar is met al die ander bloedgroepe.

**Om 'n bloedskenker te word moet jy:**
- Tussen die ouderdom van 16-75 wees
- Meer as 50kg weeg
- Iets voor jou skenking eet
- 'n Veilige leefstyl lei
- Gesond wees op die dag van skenking.

Bloedskenkers skenk nie net bloed nie, hulle skenk 'n leeftyd, nog 'n verjaarsdag om te vier, 'n Kersfees, daaglikse ervarings en herinneringe, 'n kans om jou kind te sien grootword, om 'n gradeplegtigheid by te woon, en soveel meer.

Skenk bloed. Jou bloed red lewens.

*Bronwyn Petersen*
*Donor Relations Practitioner*
*Tel: 056 212 2862 / Cell: 082 419 1471*


FREE STATE CARE IN ACTION

VRYSTAAT-VERSORGING IN AKS
FREE STATE CARE IN ACTION
TLHOKOMELO TSHEBETSONG Y

VACANCY: ENROLLED NURSE / ENROLLED NURSING ASSISTANT
HUIS SILWERJARE - PETRUS STEYN

REQUIRED
- Current Registration with the South African Nursing Council.
- Valid Driver's license.
- Vaccination up to date.

DUTIES AND RESPONSIBILITIES
- Working under the supervision of a Professional Nurse.
- Take charge of a shift.
- Providing direct nursing care to residents including administration of medication and wound care.
- Monitoring patients conditions to ensure that they are safe and comfortable.
- Performing physical exams including residents pulse, blood pressure and temperature.
- Assisting residents with ADL such as bathing, dressing, feeding and mobility issues.
- Providing emotional and physical care and practical day to day care to residents.
- Monitoring patient care.
- Writing reports.
- Helping to create nursing care plans.
- Providing first aid in medical emergencies.
- Willing to work shifts including night shift.
- Fluent in Afrikaans and English a definite advantage.

Please send your CV to adm04.silwerjare@gmail.com

Closing date Tuesday 15 August 2023
If you do not hear from us in 14 days after application closed you were not successful.







HERALD Gemeenskapsnuus

# Oud-Heilbronners sê dankie



Ds. Cobus en Annelize Hamman, oudleraarspaar van die NG Kerk Heilbron-Suid (2009-2014), se twee dogters toer Desember vanjaar saam met hul skoolkoor na Europa. Nina-Mari en Jàneke is albei lede van die Vitae Cantamus koor van Eunice High School in Bloemfontein. Die koor het die afgelope jare verskeie prestasies behaal. Hulle was onder andere die wenners van die ATKV Applous Koorkompetisie onder die ope-afdeling vir meisieskore (2022). Vanjaar het hulle vir dieselfde kompetisie ingeskryf onder die Prestige afdeling vir meisieskore en ding op 29 Julie teen kore van regoor die land mee. Die Vitae Cantumus Choir het die geleentheid om in Desember na Italië, Duitsland en Oostenryk te toer, waar hulle ook in verskeie stede gaan optree.

Ten einde fondse vir hul toer in te samel, het die Hammans 'n groot jagpakket uitgeloot. Hiermee wil hulle graag al die Heilbronners bedank wat hulle ondersteun het deur lootjies te koop. "Alhoewel ons reeds meer as nege jaar weg is uit Heilbron, is dit wonderlik om die ondersteuning van ons hartsmense uit die Riemland te ervaar. Graag wil ons uit ons harte dankie sê vir ou vriende wat ons nog nie vergeet het nie. Elke lootjie wat verkoop is, dra by tot die verwesenliking van ons dogters se droom. Hierdie is voorwaar 'n eenmaal-in-'n-leeftyd geleentheid en ons is baie opgewonde sáám met ons dogters."

Lootjies vir die jagpakket is steeds in die komende week by Ericka Erasmus (083 707 0779) in Heilbron beskikbaar. Die eerste prys is 'n jagnaweek net buite Boshof ter waarde van R18 500 wat 'n Rooihartbeesbul, Gemsbokbul, Blesbok, akkommodasie vir 10 persone, PH fooi, bakkiefooi en slagfooi insluit. Die tweede prys is 'n geslagte Rooihartbees ter waarde van R4 300, en die derde prys is 'n heel lam ter waarde van R3 000. Die sluitingsdatum is Vrydag, 4 Augustus en die trekking vind op Sondag, 6 Augustus plaas.




# SA gebaretaal nou amptelik



Op 'n gedenkwaardige seremonie by die Uniegebou in Pretoria het President Cyril Ramaphosa onlangs die Wetsontwerp op Suid-Afrikaanse Gebaretaal onderteken. Hiermee sal Suid-Afrika 'n nuwe mylpaal bereik in die bevordering van inklusiwiteit en gelykheid deur die erkenning van Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) as 'n amptelike taal. Die Nasionale Vergadering het op 2 Mei 2023 die wysiging van Artikel 6 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, goedgekeur, met die doel om die regte van persone wat doof en hardhorend is, te bevorder.

Die Presidensie het beklemtoon dat SAGT 'n inheemse taal is wat 'n belangrike element vorm van Suid-Afrikaanse linguistiese en kulturele erfenis. Die taal het sy eie unieke grammatikale strukture en leksikon en staan onafhanklik van enige ander taal.

**Die nuwe wetgewing poog om die volgende doelwitte te bereik:**

1. Die bevordering van die kulturele aanvaarding van gebaretaal.
2. Die versekering van die regte van persone wat doof en hardhorend is, deur gelyke beskerming en voordeel van die reg en menswaardigheid te waarborg.
3. Die bevordering van inklusiewe en substantiewe gelykheid, en die voorkoming of uitroeiing van onbillike diskriminasie op grond van gestremdheid, soos bevestig deur Artikel 9 van die Grondwet.







# Reinet Depot




*VKB Reinet Depot, geleë op die Frankfort-Heilbron pad, het waarskuwingsborde aan beide kante van die pad geplaas om motoriste te waarsku dat swaar motorvoertuie moontlik kan draai. Die borde is aangebring om te verseker dat ongelukke verhoed word.*

# Briewevanonslesers

## Gemeenskap se ongelukkigheid oor onwettige woonstelle

***Die volgende skrywe is ontvang van een van ons lesers gerig aan die Redakteur.***

Ek skryf hierdie brief namens die gemeenskap om ons ernstige ongelukkigheid en kommer uit te spreek oor die toename van onwettige woonstelle wat gebou word in ons buurte. Ons voel dit is noodsaaklik om hierdie saak met u te bespreek, omdat ons glo dat die veiligheid en gesonde kultuur van ons gemeenskappe bedreig word.

Ons wil begin deur te benadruk dat ons ongelukkigheid nie voortspruit uit jaloesie of enige sekerheidsoortuigings nie. Dit is 'n saak van algemene veiligheid en die bewaring van ons kultuur en gemeenskaplike waardes. Onwettige woonstelle bring verskeie uitdagings met hulle mee wat ons nie kan ignoreer nie.

Een van die grootste kommer is die impak wat hierdie woonstelle op die veiligheid van ons buurte het. Met verskeie onwettige strukture wat buite regulasies gebou word, word verskeie veiligheidsaspekte geïgnoreer. Hierdie woonstelle bied dikwels 'n omgewing vir misdaad en oortredings, wat die algemene veiligheid van ons inwoners bedreig.

Verder is ons bekommerd oor die invloed van hierdie onwettige woonstelle op die gesonde kultuur van ons gemeenskappe. Die bou van hierdie strukture sonder enige kontrole of behoorlike regulering veroorsaak dikwels oorbevolking en 'n gebrek aan infrastruktuur en dienste. Dit plaas 'n las op ons reeds beperkte hulpbronne en skep 'n ongesonde leefomgewing vir almal in die omgewing.

Ons vra nie dat geen nuwe woonstelle gebou word nie, maar eerder dat dit op 'n wettige en regulerende manier geskied. Dit is van kardinale belang dat wetlike prosesse gevolg word en dat daar kontroles en balansse in plek is om te verseker dat die verblyfplaas- en bouvoorskrifte aangehou en gehandhaaf word. Dit sal verseker dat ons buurte veilig bly en ons kultuur behou word.

Ons vra dat u ons kommer ernstig opneem en aksie onderneem om die uitdaging van onwettige woonstelle aan te spreek. Deur saam te werk met die gemeenskappe en die nodige wetgewing en regulering toe te pas, kan ons saam bou aan 'n gemeenskap wat veilig is en 'n gesonde kultuur bevorder.

Ons vertrou op u leierskap en toewyding om die belange van ons gemeenskappe te beskerm en u dank word opreg waardeer.



# HERALD Sport

# Jul's wen met bestendige gholf



*Om beter as jou voorgee te speel in winderige toestande en op glibberige setperke, wil gedoen wees. Julyan Bruyns en Simon Malgas het dit wel verlede Saterdag vermag met baie konstante gholf. Julyan wen die dag met 39 punte. Die naweek sal baie gholfers aan Heilbron besoek aflê tydens die BoereTreat naweek. Vrydag word die eerste spelers reeds om 10:00 afgesit. Op foto bo verskyn verlede naweek se wenners vl: Julyan Bruyns (39), Simon Malgas (38) en Jackie Leonard (35).*

# Kalf op die spit

Die naweek hou ons BoereTreat rolbal. Twaalf spanne het ingeskryf vir die naweek se rolbal wat vir die eerste keer saam met die BoereTreat aangebied word. Daar sal meegeding word vir seweduisend rand se pryse.

Na spel gaan daar gesmul word aan 'n kalf op die spit. Daar is ook etes beskikbaar teen R75 per ete, en die rugby kan sommer daar gekyk word. Dit beloof om 'n heerlike dag te wees.

Wat laas naweek se spel betref was daar heelwat van ons spelers wat vir Valsrivier aan die Vierhoek toernooi deelgeneem het in Kroonstad. Valsrivier, Riemland, Goudveld en die Presidentsspan het sake uitgespook om die beker. Riemland het met die beker weggestap, met Valsrivier wat tweede geëindig het.

# Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag 2023-07-22 sou lede van Kransfontein Resiesduifklub vanaf Colesberg 'n Jaaroud en Ope Wedvlug gevlieg het. Die weer was baie sleg en die duiwe is gesamentlik op Die Poort om 12:30 gelos en het oor 'n afstand van 223 kilometer gevlieg terug na Reitz.

Die Jaaroud wenduif is om 14:51 geklok.
1. Liefde Hokke A, 2. Spartan Pigeon, 3. Du Plessis Hokke
4. Liefde Hokke B, 5. Wolmarans Hokke, 6. Liefde Hokke A
7. Du Plessis Hokke, 8. Wolmarans Hokke, 9. Wolmarans Hokke
10. Du Plessis Hokke.

Die wenduif op die Ope wedvlug is om 14:51 geklok.
1. Du Plessis Hokke, 2. Heine Resiesduif Hokke,
3. Spartan Pigeon, 4. Du Plessis Hokke, 5. Heine Resiesduif Hokke, 6. Spartan Pigeon, 7. Wolmarans Hokke,
8. Liefde Hokke B, 9. Heine Resiesduif Hokke,
10. Wolmarans Hokke.

Eerskomende Saterdag vlieg die duiwe vanaf Hanover.



# Heilbron Duiweklub Nuus

Die duiwe het verlede naweek van Hanover, 540km af gevlieg. Dit was bewolk en koud en hul het 'n sterk wind skuins van voor gehad. Die 1ste jong duiwe was na 7½ ure hier en die ope duiwe het 20 minute op hul ingehaal. Die Jaaroud se 1ste en 2de plek is behaal deur Wing IT (Wolter Bennink). Dit is 'n baie mooi eerste wen vir hom. Die ope wedvlug is deur Damie Stemmett gewen.

HANOVER JAAROUD

1. Wing IT, 2. Wing IT, 3. D Cilliers, 4. IJ Lofts, 5. Zenith B, 6. AJ Lofts, 7. Gideon Swart, 8. Zenith A, 9. Wing IT, 10. Zennith B.

HANOVER OPE

1. Stemmett Hokke, 2. F Viviers, 3. F Viviers, 4. D Cilliers, 5. Zennith A, 6. Zenith A, 7. D Cilliers, 8. F Viviers, 9. Zennith B, 10. Stemmett Hokke.




BKB

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 31 JULIE 2023**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 01 AGUSTUS 2023**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

BELFAST: GELDENHUYS BONSMARAS
Produksieveiling
11:00, Spitskop,Belfast
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

**WOENSDAG - 02 AGUSTUS 2023**

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

NIGEL: GEEJEE BONSMARAS Produksieveiling
11:00, plaas Leeuwfontein
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BLOEMFONTEIN: NASIONALE SAVM VEILING
11:00, Bloemskou
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

WARDEN: BLOUBERG & SANLEO BULVEILING
11:00, WARDEN VEILINGSKRALE
Kontak Bennie van der Merwe 082 414 4228

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

**DONDERDAG - 03 AUGUSTUS 2023**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

VREDE: KEEVERSFONTEIN ROOI BANGUS
11:00, Vrede Roadside
Kontak Jandre Moll 082 307 9169

**VRYDAG - 04 AUGUSTUS 2023**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

FOURIESBURG: ZINABOS BONSMARA
Produksieveiling
11:00, plaas Hoogland
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

VRYHEID : RENZO BRAHMANE
11:00, Vryheid Veilingskrale
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225

**SATERDAG - 05 AUGUSTUS 2023**

WOLMARANSSTAD: OVERVAAL ILDE FRANCE
KLUBVEILING
11:00, Bona Bona, Klerksdorp
Kontak Diaan Nieuwenhuis 083 636 2314

MORGENZON: HENBASE 3565 (PTY) LTD
REUSE IMPLEMENTE
11:00, plaas Vaalkop
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

**www.bkb.co.za**
**BKB Limited 1998/012435/06**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071**
**e-pos: frankfort@bkb.co.za**